# Braunvieh op Stella se grasvelde

*Deur Izak Hofmeyr*

Die hoofrol van die Braunvieh-beesras in die vleisbedryf is om 'n ras te wees met dubbeldoel-eienskappe – melk en vleis. Dis reeds in 1956 dat oom Piet de Villiers van Stella sy eerste Braunvieh-beeste gekoop het. Toe sy seun Pieter in 1984 ook plaas toe kom, het oom Piet aan hom tien verse gegee om mee te begin.

"Ek het toe in Namibië by oom Ryno Versveld van Gobabis agt koeie gekoop. Daarna het ek ook 'n paar koeie by prof Piet Potgieter van Frankfort gekoop. Die gevolg was dat ek toe drie verskillende tipes bymekaar gehad het waarop ek van my pa se ingevoerde bulle gebruik en ook ge-KI het.

"In 1996 het ek 'n bul by Flip Wessels van Winburg gekoop. Dis hierdie bul, Alpine Milor Jan, waarmee ek 'n eenvormige tipe begin teel het. In ons kuddes word streng met suiwer Braunvieh vanuit Switserland geteel, om te verseker dat die dubbeldoel- en ander eienskappe soos temperament en gehardheid vasgeteel word in die kuddes. Tans maak ons slegs gebruik van ingevoerde semen waardeur ons dan vir onsself stoetbulle teel om in ons kuddes te gebruik."



*Pieter en Erika de Villiers.*

## Bloubuffelsgras

Hoewel hulle destyds eintlik saaiboere was, het hulle in 'n stadium gesien hoe 'n plaas lyk wat vol bloubuffelsgras geplant is. Dit het hulle laat besluit om hulle lande tot niet te maak en onder bloubuffelsgras te vestig. Intussen het hulle ook met witbuffel geëksperimenteer, maar dit lyk nie asof die witbuffel so goed doen in droë jare nie. Hulle oes egter baie witbuffelsaad en vind daar is 'n baie goeie mark voor.

"Benewens die graslande, word 40 hektaar met behulp van spilpunte besproei waarop ons paprika produseer. Dan is daar nog so 40 hektaar droëland mielies. Ons skuif die spilpunt elke jaar sodat ons wisselbou kan toepas. Dan huur ons nog 80 hektaar by waarop ons ook mielies plant. Die res van die plaas is alles onder bloubuffelsgras."

Oom Piet boer twee plase verder op sy eie, maar pa en seun gebruik oor en weer mekaar se bulle. Verlede jaar, vertel Pieter, was egter die eerste keer dat sy pa van sy bulle gebruik het!

'n Stoetboerdery, voel Pieter, vereis eintlik dat heelwat grond op 'n plaas gemors word aangesien jy ruimte nodig het om bulle en verse groot te maak, wat eintlik deur dragtige koeie benut kon word. Daarom is dit belangrik dat hierdie diere wat teruggehou word, die beste moontlike pryse realiseer as hulle bemark word.

Uiteindelik het 'n plaas 'n gegewe kapasiteit en kan mens net 'n bepaalde inkomste op die plaas realiseer. Die enigste manier om dit te verhoog is om meer doeltreffend te wees.

## Weidingsbestuur

"Ek het 'n tyd gelede 'n kursus in holistiese bestuur bygewoon en van daardie beginsels maak vir my baie sin. Die realiteit is egter dat jy as stoetboer gedwing word om tydens die dekseisoen kleiner groepies koeie by een bul in 'n kamp te hou. Daarvoor het jy heelwat kampe nodig, wat eise stel aan jou weidingsbestuur, veral as jy sekere dele wil laat rus. Ons het kampe van tussen 25 en 50 hektaar."

Om by 'n som uit te kom om te bepaal of hy doeltreffend boer, het Pieter bereken dat hy in die orde van 40kg vleis per hektaar produseer. Dis nou as hy die prys van sy stoetdiere omskakel na 'n speenkalfprys.

"Omdat die seisoene die afgelope tyd maar redelik wisselvallig was, met verlede jaar seker die droogste jaar in menseheugenis, is dit moeilik om te bepaal wat die optimale drakrag op ons bloubuffelweidings is. Dit veroorsaak ook dat ons beesgetalle redelik wissel. Ons is op die oomblik besig om weer getalle op te bou nadat ons verlede jaar baie minder gemaak het.

"My ondervinding is egter dat ons waarskynlik 'n koei en kalf op vier hektaar bloubuffelsgras kan aanhou. As ons 'n manier kan kry om goedkoop bemesting soos hoendermis op die weidings te plaas, is ek seker dat mens oor tyd die drakrag tot twee hektaar kan verhoog."



*Let op die welige bloubuffelsgras waarop die beeste wei.*



*'n Groepie jong verse.*

## Moedereienskappe

Baie mense vra hom waarom hy juis met Braunviehs boer, en sy antwoord is dat jy nie sommer 'n beter moeder kry as die Braunvieh-koei nie.

"Die twee eienskappe van die Braunvieh wat uitstaan is die goeie melk en die maklike temperament. Die feit is egter dat ons mos maar almal vir dieselfde eienskap teel. Ons wil almal 'n goeie kalf teen die laagste koste teel wat ons teen die beste moontlike prys kan verkoop, ongeag watter ras jy daarvoor gebruik. Die enigste verskil is dat mense van verskillende rasse hou. Ek hou toevallig baie van die Braunvieh omdat hy so maklik hanteer."

Verder vertel Pieter dat sy kliënte strek oor die hele beesspektrum – sommige met melkkuddes sal Braunvieh-beeste aankoop om meer vleis in hul kuddes in te bring, terwyl diegene met vleiskuddes meer melk in hul kuddes wil inbring – dit alles is moontlik as gevolg van die dubbeldoel-eienskappe van die ras.

Sy koeie weeg gemiddeld 450kg en die kalwers se geboortegewig is gemiddeld 38kg. Afhangende van die seisoen, speen hulle kalwers teen gemiddeld 270kg. Pieter is ook sterk ten gunste daarvan om die kalwers kruipvoeding te gee en tot op 350kg te neem en dan direk te laat slag. Op dié manier word die voerkraal heeltemal uitgeskakel.

"Ons kalfpersentasie is tans in die omgewing van 80%, waarmee ons nie tevrede is nie. Dit gaan maar oor kos. As ons 'n goeie jaar het, gaan dit op na 90% toe, maar in swak jare daal dit maklik tot 70%. Die droogte het ons egter van nuuts af aan oorlewingstrategieë laat dink, en ons baal nou gras as daar 'n surplus is."

Hy het twee dekseisoene per jaar, waar die bulle vir drie maande by die koeie loop en dan vir drie maande uitgehaal word. Die somerdekseisoen is van 15 Desember tot 15 Maart en die winterdekseisoen van 15 Julie tot 15 Oktober.

## Die waarde van skoue

Hoewel sy pa 'n groot voorstander van skoue is, glo Pieter dat die tyd van skou besig is om verby te gaan, behalwe as daar drastiese veranderinge aan die manier van skou gemaak word. Hy skou wel nog, maar het sy bedenkinge oor die waarde daarvan.

"As jy kyk hoe goed dit gaan met rasse wat glad nie skou nie, soos die Bonsmara, Boran en selfs die Nguni, is dit vir my moeilik om die waarde van skoue in hul huidige vorm in te sien. Wat sleg is van skou, is dat jy jou mooiste verse kies en skougereed maak, en in die proses aan risiko blootstel. Dit het al drie keer met my gebeur dat hierdie verse dragtig raak en dat ek só my beste verse verloor het.

"Ek dink die rol van veldbulklubs, aan die ander kant, word heeltemal onderskat. Ons behoort baie meer veldbulle te teel, maar ongelukkig gaan jy hulle nie teen jou pryse verkoop kry nie, omdat niemand 'n maer bul wil koop nie. Dis maar een van die paradokse van ons bedryf. So, ná die veldbultoetse moet jy in elk geval die bul mooi afrond voor jy hom verkoop. Ons verkoop hoofsaaklik ons bulle aan kommersiële boere, en dan kry ons so tussen R20 000 en R25 000."

Wat die bemarking van sy uitskotdiere betref, is hy baie gelukkig, sê Pieter. Daar is weeklikse veilings op Stella, en dan is daar ook 'n baie goeie abattoir op die dorp. Dit stel hom in staat om diere weer terug te laai plaas toe as hy nie sy prys kry nie. VP